Hoe groei jy dieper?
21 Januarie 2024
Ds. Willem Badenhorst

willem@moreleta.co.za

Inleiding

Die laaste boodskap van iemand op sy sterfbed, is waarskynlik baie ernstig. Dis die belangrikste boodskap wat so 'n persoon wil nalaat. Joh. 15 is een van Jesus se heel laaste boodskappe aan sy dissipels. Hy gebruik 'n wingerd as 'n metafoor om te verduidelik hoe belangrik dit is dat die loot aan die wingerdstok gekoppel moet wees. Ek en jy moet aan Jesus verbind wees sodat ons dieper kan groei. Hoe sterker ons aan Hom verbind is, hoe meer vrug sal ons dra. Mag God jou en jou kring help om in hierdie jaar baie dieper in Christus te groei.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- **Joh. 15:1-8**
- **Gal. 5:22**

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Gesels saam

1. Wat sê hierdie gedeelte oor Jesus?
2. Bespreek Joh. 15:2 in diepte - wat beteken dit as 'n loot nie vrugte dra nie?
3. Wat moet jy volgens hierdie gedeelte doen om meer vrug te dra?
4. Bespreek die volgende: "Bly in My"?

Doen saam

1. Wat gaan julle as kring doen om dieper na Christus te groei?
2. Hoe gaan jul mekaar gereeld verantwoordbaar hou vir die vrug in julle lewe?
3. Hoe gaan jy die vrug uitleef in Moreleta Kerk?

Bid saam

1. Bid vir die persoon aan jou linkerkant vir meer vrug in sy/haar lewe.
2. Bid vir mekaar as groep om dieper in Christus te groei en meer op Hom te fokus.
3. Bid vir mekaar se behoeftes.